

Maandag

Heb. 10: 14 – 23; Direkte Afrikaanse Vertaling Luk.15: 1, 2, 11 – 32 (1983 Vertaling).

Teks: Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.” Tema: 'Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in'. Die gelykenis van die verlore seun en Hebreërs openbaar gelowiges se vrymoedige toekeer tot God in sy liefde. Jesus se ontvang en saameet met sondaars is die handeling en die gelykenis die verduideliking wat wys wat gebeur met sondaars wat hulle tot Jesus as gekruisigde Christus toekeer: hulle word deur God omhels in liefde. Omhelsing is om jou kind te omarm en só teen jou vas te hou dat jou kind jou liefde liggaamlik kan voel. Daar is twee maniere van omhelsing in hierdie gelykenis! Die een is soos KLEINTJIES wat elke dag hardloop en op hul pa of ma se skoot spring sodat hulle omhels kan word. Binne daardie omhelsing vertel hulle alles wat met hulle gebeur het, wat hulle goed gedoen het en sommer alles wat hulle verkeerd gedoen. Daar is ook 'n ander manier van omhelsing! Dit gebeur tussen TIENERKINDERS en hul ouers! Die pa of ma wag kwaad vir die kind wat uit die huis gegaan het om kwaad te doen. Wanneer die kind dan by die huis kom, dan moet hierdie tiener voor die pa of ma kom staan wat kwaad en verontwaardig wag dat daar verduidelikings gegee moet word om strawwe en skikkings te bereik. Terwyl hulle hierdie verduidelikings gee, weet die tiener en die ouers dat jou houding is eintlik die regte saak waaroor dit gaan. Daarom, wanneer die tiener huil om sy/haar jammerte te wys, hulle onderdanig en insiklik hou en op alles ja en jammer sê, dan is daar dalk 'n moontlikheid dat hul ouer hul gaan vertel om dit nie weer te doen nie en dán 'n omhelsing gee. Die omhelsing op die skoot is omhelsing in LIEFDE en vertroue. Die ander een is om in jou onderdanigheid met MAG omvou te word. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Heb. 10: 14 – 23; Direkte Afrikaanse Vertaling Luk.15: 1, 2, 11 – 32 (1983 Vertaling)

Teks: Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.” Tema: 'Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in.' Die Here wys ons met die gelykenis van die verlore seun daar is 2 soorte omhelsings: een in LIEFDE en een met MAG. Dit is die verskil in die omhelsing wat die wegloop seun van sy pa wou hê, en die omhelsing wat hy van sy pa kry! Dit is die werklike dieptepunt van hierdie gelykenis. Die wegloopseun het die omhelsing in die mag van sy pa in sy GEDAGTES vir homself voorberei. Dit is net soos 'n tienerseun wat gaan kwaad doen het en weet sy pa wag kwaad vir hom om huis te kom: “Pa, ek het teen God en pa gesondig! Ek is nie meer werd om pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.” Die offer wat hy wil gee vir sy sondes is oorgawe aan sy pa se MAG: deur homself skuldig te verklaar, homself te verkleineer en te veroordeel as arbeider onderwerp hy homself aan sy pa se vervloeking om hom 'n arbeider te maak. Maar... kyk watter omhelsing kry hy! Sy pa

staan nie kwaad en wag om sy verkeerde lewe te kom verduidelik nie. Hy sien hom van ver al aankom, want hy het nog altyd gewag en uitgekyk vir sy koms. Hy kry hom innig jammer, hardloop na hom en omhels hom, nog voordat hy vir sy pa iets kan sê! Sy seun wil hom self onderdanig oorgee aan sy pa se mag. Sy pa verbreek sy selfingenome houding met 'n omhelsing. Vasgedruk in liefde maak die pa sy seun die kind wat op sy skoot sit en in 'n omhelsing van liefde met hom as pa kan praat! Ook oor sy sondes! Hy berei homself voor om in die MAG van sy as werkgewer omhels te word, en hy word in die omhelsing van sy pa 'n GELIEFDE kind gemaak! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Heb. 10: 14 – 23; Luk.15: 1, 2, 11 – 32 Teks Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.” Tema: 'Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in'. Met 'n omhelsing maak die verlore seun se pa hom sy geliefde seun. Dit is wat Christus doen met sondaars en tollenaars wat na Hom toe keer! Hebreërs beskryf ook hierdie toekeer tot Jesus Christus: “Ons het nou vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die tempelgordyn heen.” (Heb. 10:19,20) Christus het die offer waarmee ons na God toe moes gaan, God wat kwaad vir ons moes staan en wag het, gebring: “toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, ... want deur die een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak ... waar daar vergifnis hiervoor is, word 'n offer nie meer vir sondes gebring nie.” (Heb. 10: 12 – 18) Die heiligdom is God die Vader se omhelsing in liefde. Hierdie omhelsing deur God het Christus as 'n nuwe lewenswyse vir gelowiges oopgemaak deur as die Geliefde Seun sy liggaam (sy menswees) as offer te gee, sodat ons nooit na God met die offer moet gaan om ons self te verkleineer en arbeiders te maak nie. Paulus stel dit só in 2 Kor. 5: 21: “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus vrygespreek kan wees.” Vrygespreek daarvan om as veroordeelde, vervloekte, en verwerpte sondaars behandel te word! Christus is die Geliefde Seun wie in ons plek só behandel is: “Vader, Ek is nie meer werd om u Seun genoem te word nie, behandel my soos een van U arbeiders: laat my die oordeel, vloek, straf en verwerping dra dat Ek nie u Seun nie, maar 'n arbeider is, sodat U sondaars as U geliefde kinders sal omhels. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Heb. 10: 14 – 23; Luk.15: 1, 2, 11 – 32 Teks Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.” Tema: 'Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in'. Die gelykenis openbaar permanente liefde, nie een besondere ervaring een keer met God nie, maar wat elke keer, elke dag gebeur met hulle wie hulle in vertroue (geloof) toekeer tot Christus: hulle word omhels deur God.

Daarom stel die boek Hebreërs: “Laat ons daarom ingaan met ’n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van ’n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water. Laat ons styf vashou aan die belydenis van ons hoop, sonder om af te wyk, want Hy wat die belofte gemaak het, is getrou.” (Heb. 10: 22 en 23) Die toekeer en omhelsing van die verlore seun is hoe ons God se liefde elke keer ingaan.

- Sonder enige offer vir enige skuld gaan ons met volle sekerheid na God wat ons weet ons in sy liefde omhels;
- Sonder enige houding van selfveroordeling, selfvervloeking, selfbeskuldiging of selfverwerping, keer ons elke keer tot God se omhelsing as mense wie se harte besprinkel is met die veroordeling, vervloeking, straf en verwerping van Jesus Christus;
- Ons keer ons in volle geloofsekerheid tot God wat weet in sy omhelsing laat Hy ons sy heilige, smetlose, onskuldige en goeie kinders vir Hom wees deur Christus. Hy trek ons aan met die klere, ring en skoene van ’n geliefde kind;
- Wanneer ons nou met die Here praat oor ons sonde is dit sonder ’n slegte gewete oor die sondes wat ons gedoen het, want ons praat met Hom terwyl hy ons in sy liefde omhels;
- Wanneer ons met Hom praat oor wat ons vir Hom wil doen of gedoen het, is dit met ’n opregte hart, want ons praat nie met ’n God wat wag om te kyk of ons, ons woord gaan hou nie, ons praat met Hom wat ons in liefde omhels.

Preke beskikbaar op Google by ngkerklvubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Heb. 10: 14 – 23; Luk.15: 1, 2, 11 – 32 Teks Lukas 15: 20: “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.” Tema: 'Ons geloof in Jesus Christus is ons daaglikse bekering in God se liefde in'. Geloof is nie hierdie een groot bekering tot God om daarna in sy krag en mag vasgevang te wees nie. Dit was die houding van die oudste seun, wat die Fariseërs en skrifgeleerdes, en die geestelikes van alle tye verteenwoordig. Sy houding wys in sy verwyte teen sy Pa: “Ky, al die jare werk ek soos ’n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ’n opdrag van Pa verontagsaam nie.” Hy is kwaad dat sy Pa sy jongste broer nie ’n slaaf gemaak het nie, maar as geliefde seun omhels het. Sy verwyte wys sy eie selfbeeld: hy was in homself nog altyd sy pa se slaaf. Dit is die ironie: daar is in werklikheid geen verskil tussen die seun wat sy lewe in sonde deurgebring het en die seun wat met sy Pa saamgeleef het nie: al twee sien en glo hulle is hul Pa se slawe. Die oudste seun maak homself sy Pa se slaaf net soos die Fariseërs en skrifgeleerdes dit gedoen het! Hy wat elke dag in sy Vader se liefde kon leef, leef asof hy in sy Vader se mag omvou is om stiptelik opdragte uit te voer. Daardeur verkleineer en veroordeel hy homself, en gee hy sy eer om in sy Pa se liefde te leef, prys: “ek het soos ’n slaaf vir jou gewerk = ek was nie werd om jou seun genoem te word nie”; en 2. onderwerp hy homself onderdanig, insiklik en gediensig aan sy Pa se mag, in plaas daarvan om hom aan sy Pa se liefde toe te wy. Vandag is dit die moderne geestelikes (wat met God se krag en mag vervul is,

en wat glo hulle leef geesvervuld stiptelik volgens die wet van God). Hulle verwyt Christus dat hy gelowiges wat steeds sonde doen, met liefde omhels. In ons sondigheid van elke dag keer (bekeer) ons as gelowiges ons deur ons geloof elke keer in God se liefde in, dit is in die evangelie in. Ons word nooit die oudste goddelike krag- en magsvervulde broer wat stiptelik opdragte uitvoer nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus